**20 Oktober**

## Geloof versterk om te volhard

**Skrifgedeelte: Genesis 22:1-19**
**Fokusgedeelte: Genesis 22:8(a) en Jakobus 1:3-4**

Beproewing is nooit lekker nie! Of so lyk dit vir ons. Om beproef te word soos wat Abraham beproef is, is iets waarin ons ons nooit kan indink nie. Om, soos Abraham, die opdrag te ontvang om jou enigste seun, wat jy liefhet, as brandoffer te offer, is ’n ingrypende opdrag. Ons sal wil sê dat dit onmoontlik is om so ’n opdrag uit te voer.

Hoe het Abraham dié beproewing hanteer? Hoe het Abraham dit reggekry om sonder vrae en teenspraak te doen wat God hom beveel het? Van die roeping van Abraham af was daar baie beproewinge Vanaf Ur, waaruit Abraham geroep is, en oor ’n lang pad van beproewing het Abraham se *geloof die toets deurstaan en het dit hom in staat gestel om te volhard* in dié geloof. Abraham kon in die geloof volhard en seker wees dat God, wat die geloof gegee het, ook Self die offerlam sal voorsien. Abraham het God in alles vertrou. God se opdrag aan Abraham was nie om hom seer te maak nie, maar om sy geloof tot so ’n mate te versterk dat hy, *“omdat (hy) geglo het ... Isak as offer afgestaan ...”* het (Heb 11:17-18). Deur in hierdie volharding enduit vol te hou, is Abraham by voller geestelike rypheid gebring waarin hy, in sy vertroue in God, seker was dat God sal voorsien.

Kyk na jou beproewing! Sien jy, dit is nie so erg nie! Dit is juis gister se beproewing wat jou in staat stel om vandag se beproewing te hanteer.

*Sing: Psalm 138:2* *Ds. MP Fourie (Aliwal-Noord)*